



Verwysing: 20170110-7130  
13/1/1/2  
Navrae: W Mercur

Kurrikulum VOO Minuut: DCF 0001/2017

**AAN:** Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB- Koördinerings- en -advies, Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Taalonderwysers van hoërskole

**Onderwerp: Implementering van graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) voorgeskrewe letterkunde vir alle amptelike tale in die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 eksamens**

1. Hierdie Minuut wat handel oor die implementering van die voorgeskrewe letterkunde vir die Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamens in Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 moet saamgelees word met Omsendbrief S4 van 2008, gedateer 8 Mei 2008; Omsendbrief S13 van 2013, gedateer 2 Desember 2013; Omsendbrief S15 van 2014, gedateer 12 November 2014 en Omsendbrief S4 van 2016, gedateer 28 Oktober 2016.
2. Na die bekendmaking van die eerste Graad 10 – 12 Letterkunde Katalogus in 2015 is vasgestel dat sommige tale nie nuwe materiaal in alle genres het soos vereis nie. Die Departement van Basiese Onderwys het in 2016 'n verdere keuringsproses onderneem in 'n poging om die leemtes aan te vul. Die 2016 keuringsproses kon egter steeds nie geskikte materiaal identifiseer om die leemtes te vul, soos beoog is nie.
3. Na konsultasie met al die belanghebbendes, en gegewe die feit dat daar vir sommige verpligte genres geen nuwe titels beskikbaar is nie, het die Departement van Basiese Onderwys besluit om die volgende oorgangsmatreëls in te stel:

### **Amptelike Huistale (HT) en Eerste Addisionele Tale (EAT)**

- a) Waar die 2015 Letterkundekatalogus 'n volledige lys titels vir 'n spesifieke genre bevat, sal die nuwe titels soos geskeduleer in 2017 geïmplementeer word. Byvoorbeeld, Engels Huistaal het 'n volledige lys van twee nuwe romans (klassiek sowel as kontemporêr). Dit beteken dat die twee nuwe romans in 2017 bestudeer en dat vrae daaroor in die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 letterkundevraestel gestel sal word.
  - b) Waar die 2015 Letterkundekatalogus nie 'n volledige lys titels vir 'n spesifieke genre bevat nie, moet die ontbrekende titels vervang word deur titels wat in Omsendbrief S4 van 2008 gelys word. Byvoorbeeld, in die geval van 'n Huistaal waar slegs een drama in plaas van twee in die 2015 Letterkundekatalogus gelys is, sal leerders 'n keuse hê om die nuwe drama te bestudeer of om 'n drama te bestudeer wat in Omsendbrief S4 van 2008 gelys is.
  - c) Waar die 2015 Letterkundekatalogus geen nuwe titels vir 'n spesifieke genre bevat nie, sal titels wat in Omsendbrief S4 van 2008 gelys is, bestudeer en in die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-eksamens geassesseer word.
4. Dit is belangrik om daarop te let dat slegs een Poësie-bloemlesing vir elke amptelike Huistaal en Eerste Addisionele Taal voorgeskryf is. Indien 'n nuwe Poësie-bloemlesing vir 'n taalvlak voorgeskryf is, sal die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-vraestelle gedigte vanuit die nuwe bloemlesing bevat.
  5. Insgelyks, waar die 2015 Letterkundekatalogus nie 'n nuwe Poësie-bloemlesing bevat nie, byvoorbeeld isiZulu EAT, sal die bloemlesing wat in Omsendbrief S4 van 2008 gelys is, bestudeer en in die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-eksamens geassesseer word.
  6. Soos met Poësie, word daar ook vir kortverhale slegs een bundel vir elke amptelike Eerste Addisionele Taal voorgeskryf. Indien 'n nuwe kortverhaalbundel vir 'n taalvlak voorgeskryf is, sal die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-eksamens opgestel word oor kortverhale wat in die nuwe kortverhaalbundel voorkom.
  7. Indien die 2015 Letterkundekatalogus nie 'n nuwe kortverhaalbundel bevat nie, soos byvoorbeeld in die geval van isiXhosa EAT, sal die kortverhaalbundel wat in Omsendbrief S4 van 2008 gelys is, bestudeer en in die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-eksamens geassesseer word.
  8. Riglyne wat in Omsendbrief S15 van 2014 aangaande Folklore (vir die nege amptelike Afrikatale HT) verskaf is, geld nog steeds vir die Oktober/November 2017 en Februarie /Maart 2018 NSS-eksamens.

9. Aangeheg in **Bylaag A (bladsy 1-5)** is 'n lys van die titels van die Romans wat in 2017 vir elke amptelike Huistaal en Eerste Addisionele Taal bestudeer moet word.
10. **Bylaag B (bladsy 6-10)** bevat 'n lys van die titels van die Dramas wat in 2017 vir elke amptelike Huistaal en Eerste Addisionele Taal bestudeer moet word.
11. **Bylaag C (bladsy 11-23)** bevat 'n lys van die titels van Gedigte wat in 2017 vir elke amptelike Huistaal en Eerste Addisionele Taal bestudeer moet word.
12. **Bylaag D (bladsy 24-30)** bevat 'n lys van die Kortverhale wat in 2017 vir elke Eerste Addisionele Taal bestudeer moet word.
13. **Bylaag E (bladsy 31-40)** bevat 'n lys van die titels van Folklore wat in 2017 vir elke amptelike Afrikataal HT bestudeer moet word.
14. **Bylaag F (bladsy 41-43)** bevat 'n lys van die titels vir amptelike Tweede Addisionele Tale wat in 2017 bestudeer moet word.

### **Amptelike Tweede Addisionele Tale (TAT)**

15. Alhoewel die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV) bepaal dat vier genres (naamlik poësie, roman, drama en kortverhale) vir TAT Vraestel 1 bestudeer moet word, kon die keuringsproses in 'n aantal Tweede Addisionele Tale nie 'n volledige lys titels identifiseer nie.
16. Gevolglik sal die Tweede Addisionele Tale vir die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-eksamens die titels bestudeer wat in die 2015 Letterkundekatalogus beskikbaar is. Waar daar geen nuwe titels beskikbaar is nie, sal die TAT wat daardeur geraak word, voortgaan om die kortverhale volgens Omsendbrief S13 van 2013 vir die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-eksamens te bestudeer, behalwe vir isiXhosa TAT. Waar nuwe titels beskikbaar is, sal dit tesame met die bestaande kortverhale geïmplementeer word, behalwe vir isiXhosa TAT.
17. Nuwe titels is in die volgende tale geïdentifiseer en sal in die Oktober/November 2017 en Februarie/Maart 2018 NSS-eksamens geïmplementeer word. Verwys na bladsye 41 tot 43 vir die lys van titels.
  - IsiZulu TAT en Siswati TAT: titels vir nuwe kortverhaalbundels is geïdentifiseer.
  - Afrikaans TAT: 'n nuwe dramatitel is geïdentifiseer.
  - Engels TAT: 'n romantitel, dramatitel en 'n poësiebloemlesing is geïdentifiseer
  - isiXhosa TAT: 'n nuwe romantitel en dramatitel is geïdentifiseer

- SeTswana TAT: 'n nuwe romantitel is geïdentifiseer.

18. U word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie Minuut onder die aandag van alle belanghebbendes te bring.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-01-10